

TOULEIER –Uiteindelik eet ons Sushi in Daegu

Ingeboek in nogal 'n grênd hotel in die middel van Daegu, sit ons vol afwagting af na die veel aanbevole Japanese restaurant wat sommer binne dieselfde hotel geleë is. Getrou aan hulle (beide lande) se tradisies, is die tafels laag op die grond en mens moet met gekruisde been sit of jy moet so skuins aanlê aan die tafel soos daai generaals in die boereoorlog foto's wat so voor die groepfoto op die elmboog steun.



Ons is afgesonder binne ons eie papiermuur kokon en voel dus heel gemaklik om so half uitgestrek soos 'n romein aan tafel te lê

Genoegsaam saki word afgelewer van die begin af en ons braafgeit kry sommer gou vlerke. Ons wil proe aan als wat vreemd en nuut is verduidelik ons aan die kelner wat nogal heel goed Engels magtig is. Dis juis waarvoor hulle bekend is, reken hy. Amper iets soos 'n wynproe, so 'n paar klein happies op 'n slag. So begin hulle toe monstertjies rou vis en ander gediertetjies aandra.

Skulpdiere, garnale, palings word om die beurt met so 'n teug saki afgewas.

En dit gaan al hoe rowwer. Ons twee het egter brieke verloor en ons byt vas.

Kou skaars aan die stukkies rooi rou goed wat soos lewer lyk. Maak soos mens met oesters maak. Looi die happies egter goed met wasabie en gemmer dat hy jou oe laat traan en sommer jou neusgange wawyd oop skop.

Stadig sluip daar so 'n effe bitter nasmaak in wat nie wil wyk nie. Die saki kry hom ook nie stil nie.

En toe bring hulle hom. Die grand finale, die *piece de resistance* 'n boord vol goggas en wurms. Rou, en ek kon sweer nog lewendig ook. Die een lyk of hy nog vreet aan die stukkie groen blaar waarop hy bo-op die rys sit. Kamermaatjie skop vas, weier volstrek. Waar is die Doom, hier is goggas in die vertrek!

Ek weet tot vandag nog nie wat hulle van daai goed noem nie, maar in vir 'n sikspens in vir 'n pond en ek vat 'n hap daai van daai dêng. Op pad mond toe verbeel ek my ook nog die een beweeg sy tentakel. Toe hy op my tong land, toe is daar perde. Of sal ek dit liever beeste noem, want toe kom daar so 'n onnatuurlike bulkgeluid in my binneste op. Saam met dit kom 'n golf van naarheid. En ek grill! Amper erger as seesiek. Ek was al twee keer in my lewe seesiek.



Daai aand was ek amper weer.

Die keer, net siek van die dinge van die see. Nooit weer nie dankie!



ou hier is vir jou 'n ding. 'n Hoes is deesdae nie meer net sommer 'n hoes nie. In Pre-Covid tye was 'n hoes bloot 'n hoes. Jy blaf enige plek Nas die krap in die keel jou onverhoeds vang en 'n terloopse "verskoon my" is genoeg om te verseker dat geen haan ooit weer na die hoes kraai nie. Maar nou is ons mos deur vreemde tye waar enige kuggie in die openbaar met die grootste agterdog bejeën word. 'n Nies of 'n proes tussen ander en jy word onmiddellik "Persona Non Grata."

Dié tyd van die jaar was maar altyd griepseisoen in normale tye en dan wil-wil die ou normaal mos weer begin kopuitsteek.

En so gaan staan en tel ek mos nou 'n seerkeel in Johannesburg op, net voor ons moet terugvlieg Kaap toe. Geen koors, geen kopseer, geen smaakverlies, geen reukverlies, geen simptome, geen groot 19, geen niks. Net die keel. Of altans, so dag ek.

En daar begin die sports...

Ek suig nog so aan 'n ou Strepsteltjie toe vat die volgende fase in die seerkeelsage my ; Die onvermydelike post-nasale drup. En daar begin die sports.

Ek begin hoes. Maar nie net jou gewone hoes nie. Ek hoes asof dit ék was wat die hoes aanvanklik uitgevind het. Ek hoes asof ek vir die wêreld wil demonstreer hoe 'n hoes behoorlik gehoes moet word. Hierdie hoes is gesaghebbend en dwing respek af. Hierdie hoes laat jou ore baktrek soos die masker met elke hoesslag voorwaarts beur.

By Lanseria gekom en Sekuriteit skiet my teen die kop met daai koorsmeet- masjientjie en wys vir my dat ek normaal lees. My bloedrooi gesig is bloot van asem knyp om nie voor die man in 'n hoesbui te verval nie. Ek wil huietoe maar 'n hoesaanval op hierdie stadium van die geveg en my terugtog word heel waarskynlik via 'n toetsentrum herlei.

Op die vlug knyp ek my asem en suig bon bons dat my kiewe holtrek. Die lugwaardin wil nog 'n geselsie aanknoop maar ek antwoord net in gebaretaal. Die tweeuurlange vlug Kaap toe voel soos 'n ewigheid maar ek maak dit tot by Kaapstad Internasionaal en vat die pad Langebaan toe al proesend, hygend, slukkend, kuggend en knypend.



Tuisgekom en ek vaar gou Clicks binne om hoes- en gorrelgoed te kry. Ek is pas in die betaaltou met sy een en 'n halwe meter 'hou-jou-afstand' sosiale distansiëringstrepe, toe die damwal skielik breek...

Al die ingehoude en dus opgehoopte hoesbuie van die dag bars op een slag los en Boeta... toé laat waai ek! Die mense voor en agter my koes eers asof 'n skoot êrens afgegaan het en dan laat spaander hulle in alle rigtings. Sommige los hulle mandjies en trollies en babawaentjies net daar in hulle haas om hulself net uit die gevaarsone te verwyder. Dis omtrent 'n gedoente.

En daar staan ek skielik al hygende alleen in die tou. Almal wat 'n oomblik gelede nog in die tou saam met my was loop skielik doer tussen die rakke in die winkel rond, op soek na iets wat hulle oënskynlik vergeet het om in hulle mandjies te pak. Die babas, wat in hulle ouernood wees gelaat is, sit almal gesamentlik die noot in.




"Is meneer orraait?" vra die dametjie by die betaalpunt.

"Dis maar net 'n post-nasal" kry ek dit uit maar die hoesbui het sy tol ge-eis. My oë traan. My stem is hees. My neus loop. Ek is bloedrooi in die gesig. My masker hang aan die een oor. My hoop op gedeeltelike vermomming daarmee heen.

Ek dink onwillekeurig aan die Bybelse tye toe melaatses 'n klok moes lui om ander te waarsku dat hulle moet padgee. Deesdae doen 'n ordentlike hoesbui dieselfde.

Ek is druiptert-verleë met so 'n parmantige nakuggie by die winkel uit. Die klante gluur my wantrouig agterna terwyl hulle een vir een weer die ry begin inskuifel, mandjies optel en babas troos.



My laaste kug was toe dokter Marinus my later 'n stewige kortisooninspuiting die boud injaag. Dit het genadiglik die lugweginfeksie aangespreek en as ek nou hoes is dit maar net om moedswillig te wees, bloot om ander se reaksies hierop waar te neem want jy sien; 'n hoes is deesdae nie meer net sommer 'n hoes nie...

Laat my dink aan die storie. n Boer kry n uitnodeging na n skool reunie, sy vrou wil nie saam nie, want hy party hard. Hy maak toe klaar en ry dorp toe, nie te lank of hy is terug op die plaas. Vrou vra, wat nou? Hy se moes die verkeerde address gewees het, want daar is net baie ou mense gewees! 🤔

Ingestuurd deur Varknek Wienand, my swaer, kameraatjie se broer.

DIE MANNE VAN MALMESBURY

(Ek vra om verskoning aan getroue lesers wat reeds die storie ken maar hierdie een moet so nou en dan weer vertel word! – Hennie)

Ons almal ken daardie opwindings en uitdagings wat met 'n eerste jag op 'n vreemde plek saamgaan. Daardie onsekerheid oor wat jy kan verwag wanneer jy daar aankom en of jou gasheer darem 'n redelike mens sal wees, al dan nie. Hierdie afwagting is egter niks in vergelyking met dit jy as gasheer moet deurgaang nie. As jagters is julle darem 'n span, maar as gasheer is jy gewoonlik alleen. Jy weet, van die span manne wat daar moet aankom, net mooi niks. Al wat jy ken is die "spokesperson" en dit ook maar net oor die foon. Verder sien jy op die selfoon die deposito is inbetaal soos ooreengekom. Sover so goed, totdat jy op jou bankstaat die deposito identifiseerder raaklees. Die geld is in betaal vanaf 'n rekening met die naam "Graspolinnihol-jagspan". Dan begin jy wonder en weet glad nie wat om te verwag nie. Jy begin regmaak vir onheil direk vanaf die duiwel se dansvloer.



So sit en wag ek een Donderdag, op die plaas, vir eintyd die span, Die manne van Malmesbury wat wil kom springbok skiet, hier by ons in die Karoo. Hulle het laat weet hulle behoort teen 12 uur te arriveer. Dan wil hulle gaan afpak, inskiet en bietjie rondgery word om die "lê-van die-land" te besigtig. Net sodat hulle darem weet waarvoor hulle in is. Dit alles in een middag, maar ek sit nog so ingedagte toe Amos, my regterhand op die plaas, beduie hy sien hulle stof aankom. Ek laat hom solank die plaaswerf se hek oopmaak.

Vrou kry die eet-en drinkgoed op die stoep reg want die manne kom ver. Nie lank of 'n groot 4x4 bakkie trek in. Natnuut. Toe die manne die deure oopmaak toe ruik dit nog pure "showroom". Drie manne klim uit en dit pla my want hulle sou vier man gewees het. Hier by ons is vier man reeds te min, maar drie werk glad nie. Ons groet en op my vraag na die vierde man beduie hulle net so na die bakkie se agterste sitplek. Teen die ruit van die regter agterdeur druk 'n redelike gesette wang homself plat soos wat sy eienaar oopbek sit en slaap. "Suiker", beduie die een. "Te hoog". Eers dog ek Suiker is sy naam, maar vind toe uit dit is sy mediese toestand. Blykbaar 'n ou kwaal en die res van die span steur hulle nie veel daaraan nie. Volgens hulle maak die blote uitsien na die jag dat die man se eet en drinkgewoontes so drasties verander dat sy suiker hom oorneem. Gelukkig het die nodige medikasie saamgekom, maar dit maak hom glo vreeslik slaperig. Dit is nou hoekom hy lyk soos hy nou lyk, verduidelik hulle. Ek sien in my gedagtes al hoe die man daar agter in daardie bakkie loop dood sonder dat iemand dit agterkom, want my roer nie. En plek vir opblaas is daar ook nie veel nie want hy maak die sitplek redelik vol van homself.

So groet ons en staan stoep se kant toe. Ek het intussen darem nou al vir Spokesperson aan sy stem erken. Die res stel hulle voor, maar met name is ek nie goed nie. By die stoep aangekom stel ek vir Vrou aan hulle voor en sy vra sommer dadelik verskoning vir haar hees stem wat sy oorgehou het van 'n ontydige verkoue. Is toe dat die maer enetjie, met die kuite soos 'n Indiese Minah vir Vrou die raad gee om bruinsuiker te snuif. Vrou wat al raadop was, luister aandagtig en vra of hy regtig dink dit sal help. Nee beduie hy, dit weet hy nou nie, maar dit maak darem dat jou verkoue soeter proe.

Kyk, ek was klaar om hom maniere te leer toe die ander twee die gelukkig namens my doen en hom mooi verduidelik dat hy nou uit plek is . Ek los dit daar. So onder die eet en drink probeer ek tog gou vir elkeen 'n naam kry wat ek kan onthou, want anders gaan dit sukkel.

Spokesperson het homself gedoop en Suiker is ook maklik. Die maer een doop ek sommer Kuite. Ai, die man moet eerder langbroek dra, dink ek. Is dan nou winter, maar sien ook dat suidewind waaragtig skraal sal moet waai om hom raak te waai. Ek besef ook dat sy onderstel dalk nie die ekstra gewig van 'n langbroek sal kan vat nie.

Die vierde kort spanlid sukkel om 'n naam te kry. Dis is so 'n kort stewige kêrel met 'n redelike prominente rooi neus en ewe prominente brei aan hom. Ek oorweeg Boland oor die brei en Rudolf die neus, maar toe gaan daar 'n lig op. Tuindwerg. Dit word sy naam want hy lyk soos hierdie sement dwergies in sommige mense se tuine.



Of die manne gaan regkom met 'n geweer saam weet ek nie, maar dit sal die skietbaan ons baie gou leer. Amos gaan wys die manne waar die jaghuis is en nie te lank nie of hy is terug. Redelik bekommerd. Hy verduidelik almal het afgepak en ingetrek, maar daardie man op die agterste sitplek sit nog net "dieselle". Hy vermoed die man is dood want die ander praat nie met hom of help hom uit die bakkie nie. "Hy roer ook nie vanself nie", bedui hy verder. Hy sit nog net so platwang as toe hy hier aangekom het. Ek vra of die bakkie darem in die koelte staan want as Suiker daar agter in daardie bakkie gaan begin gis kan dit 'n lelike besigheid afgee.

Vrou is steeds nie lekker met Kuite oor sy boereraat nie en ek moet mooipraat om die vrede te bewaar. Watse soort mense nooi ek dan nou plaas toe? Opslag my skuld. Soos gewoonlik.

Teen kwart oor drie stop ek by die jagtershuis en beduie ons moet skietbaan toe. Net Suiker is gereed, want hy sit nog steeds waar hy was en niks van hom is nog afgelaai nie. Die res skarrel en skrop eers vreeslik voor ons daar wegkom.

Kuite is eerste op die skiettafel en skiet met niks minder as 'n 300W nie. Hoe groot dink hy is 'n springbok, wonder ek, maar met sy lyfie lyk alles seker baie groter as vir normale mense. Hulle pak sy geweer en homself met soveel sandsakke vas dat net die loop later uitsteek. Toe die skoot loop lyk dit soos 'n ontploffing in 'n wolsak. Alles



trek in alle rigtings en ek kyk of hy nie seergekry het nie, maar geen teken van vrees is op Kuite se gesig nie en nadat ons alles teruggedra het tafel toe maak hy reg vir die tweede skoot. 'n Presiese weergawe van die eerste skoot behalwe dat Kuite nou hoof voorsitter van die Halfmaanklub word. Hy bloei briekloos en probeer dit stop met sy sakdoek. Die gaan ongestoord voort om alles weer op die skiettafel terug te kry. Sy geweer is "in" het hy voor die tyd beduie, sit twee en 'n halwe duim hoog op 100 meter en toe die teiken aankom is dit presies so.

Die sakdoek wil egter nie die bloed stop nie en ek merk op sy bloed is waaragtig net-net dunner as huisparafien en ek vermoed ek weet hoekom. Seker al die "soet verkoues" wat hy al moes trotseer. Toe weet ek sommer ek sal hom moet dokter en stuur vir Amos bakkie toe om die "mersyne" tas te loop haal. Daar het ek net wat hy nou nodig het. Ek haal 'n botteltjie van Lennon se staaldruppels tussen die skaapspuite uit. Hy is eers steeks vir die behandeling, maar toe ek beduie hierdie staaldruppels sal sommer ook help dat daar nie 'n lelike letsel bly nie, toe gee hy maar in. Ek maak hom sit op hulle 4x4 se staal buffer met sy kop agteroor op die masjienkap. Ek beduie hy moet nou die sakdoek gebruik om sy oog toe te hou dat die staaldruppels nie daarin beland nie, en ek begin gooi. Ruimskoots en vrylik. Ons hier in die Karoo is mos bekend vir mededeelsaamheid. Amos wat ook al die behandeling gehad het, trek so 'n skewe gesig, druk sy eie oë en ore toe en staan 'n paar tree eenkant toe.

Met die afkyk na die bottel toe gebeur dit...

Ek het net begin wonder of die staaldruppels dalk verslaan het toe daar lewe in Kuite kom. Hy vlieg op en skreeu dat die vlaktes antwoord gee. Hy skop die bakkie se voorwiel terwyl hy aanmekaar met albei vuiste op masjienkap slaan en aan die ysterbuffer ruk en pluk Hy gaan so aan dat ek weer op die botteltjie kyk net om seker te maak dit is net staaldruppels en nie iets anders nie. Met die afkyk na die bottel toe gebeur dit. Suiker kom met agterdeur en al uit daardie bakkie en daar trek hy. Waarheen, weet net hy. Ons is almal half uit die veld geslaan en uit pure verwardheid skreeu ek vir Amos om hom te vang, want in sy toestand kan hy homself sleg seermaak.

Toe loop daardie Suiker eers los. Amos kry hom die gevang nie, maar keer hom met so 'n lang draai terug na ons toe. Dit kos ons om hom fisies te stop om hom tot stilstand te bring. Hy is so bleek soos die dood, sy asem jag verwoed en sy oë is heel verwilderd. Ons kalmeer hom so goed ons kan en Tuindwerg bring vir hom so 'n bruinerige kalmeermiddel wat hy met Coke en ys meng. Seker iets vir die suiker dink ek, maar toe Kuite ook een van die mengel-medisyne wegslaan is ek nie meer seker waarvoor dit moet help nie.

Ons maak Suiker sit en vra wat op aarde in hom gevaar het en hy begin verduidelik. Hy het glo gedroom hy was besig met die geveg by Bloedrivier. Die droom was so eg, beduie hy dat hy selfs die skote van die ander manskappe hier langs hom duidelik kon hoor. Hier loop sy Bloedrivier toe ietwat anders. Die vyand breek deur en begin toe om die "ossewa" onder hom af te breek. Hulle skreeu en slaan en ruk so aan sy ossewa dat sy moed hom begewe en hy besluit om te hardloop. Vir 'n oomblik het hy gedink hy gaan weggom, maar toe hy omkyk sien hy een van die vyand is besig om hom te voet in te haal. Is toe hy besef nou hardloop hy vir sy lewe. Die volgende wat hy weet is toe ons hom hier voorkeer.

Die res van span is besig om hulle onkapabel te lag en ek kyk met nuwe bewondering na Lennon se nederige ou botteltjie. Nie net het dit Kuite se bloed onmiddellik gestop nie, maar ook vir Suiker uit die dode opgewek. Ek moet nog hiervan kry. Spokesperson wil weet wat op aarde ek op Kuite se oog gegooi het, maar toe hy wil weet waar hy daarvan kan aanskaaf, dink Kuite nie hy is snaaks nie. Skielik staan Suiker op en beduie hy het 'n nood van weergalose proporsies en ons moet hom asseblief verskoon. Dit kon enige mens verstaan.

Slot volg volgende maand...

Navorsing toon dat vrouens wat so 'n klein bietjie ekstra gewig dra, lewe langer as mans wat dit noem.



Ek was onlangs in die hospitaal. Die eerste oggend kom daar 'n kwaai verpleegster in die kamer in om bestellings vir ontbyt te neem.

Die man in die bed langs myne vra "kan ek lemoensap kry asseblief? Maar kan jy asseblief een van daai klein bekkertjies wat julle gebruik vir urine monsters uitspoel en die lemoensap daarin bedien." Die verpleegster staar hom in ongeloof aan.

"Ek hou van die effe urine reuk as ek my sap drink, en eiers, ek hou van my eiers so loperig, net so drie sekondes in die pan en moenie botter gebruik nie liever William Penn of dalk Castrol. Ek sal ook van spek hou maar dit moet 'rare' wees selfs rou sal reg wees, en Koffie maar dit moet laas week se oorskiet wees wat net so effens warmgemaak is".

Die verpleegster is amper verstom maar kry "Daar is nie n manier waarop ek so iets vir jou gaan voorsit nie!"

Hy vra "Hoekom nie? Jy het dit dan gister oggend bedien".

TUISONDERRIG

As ons wat 60 en ouer is terrug dink is ons baie by die huis geleer.

1. By voorbeeld by my ma het ons geleer om goeie werk te waardeer "AS JULLE MEKAAR GAAN VERMOOR DOEN DIT BUIITE. EK HET PAS KLAAR SKOONGEMAAK".

2. Geloof het ook van Ma gekom. "JY BETTER BID DAT EK DIÉ KOL UIT HIERDIE MAT KAN KRY".

3. Pa het die beginsel van "time travel" verduidelik. "AS DIE KAMER NIE IN DIE VOLGENDE 10 MINUTE NETJIES IS NIE GAAN EK JOU IN VOLGENDE MAAND IN DONDER".

4. Pa het ook logika verduidelik. "OMDAT EK SO SE, DIS HOEKOM".

5. Ma het ook logika gehad. "AS JY UIT DAARDIE BOOM VAL EN JOU NEK BREEK GAAN JY NIE SAAM STRAND TOE NIE"

6. Ma het ons geleer om vooruit te dink. "ONTHOU OM SKOON ONDERBROEK AAN TE TREK, NETNOU KOM JY IN 'N ONGELUK."

7. Pa het geleer van Osmose. "HOU JOU MOND TOE EN EET JOU KOS."

8. Ma het geleer van die lewens siklus. "EK HET DIE LEWE AAN JOU GESKENK EN EK KAN DIT NET SO MAKLIK WEGNEEM."

9. Ma het geleer van Telepatie. "TREK JOU TRUI AAN. DINK JY EK WEET NIE WANEER JY KOUD KRY NIE."

10. My het my geleer van "contortionism" geleer. "KYK NET HOE VUIL IS JY AGTER JOU NEK".

11. En van die weer "DIÉ KAMER LYK ASOF 'N ORKAAN DEUR GETREK HET"

12. Ma was 'n kenner op die gebied van afwagting "WAG JY NET TOT JOU PA BY DIE HUIS KOM".


13. Pa het ons van genetica geleer "JY IS NET SOOS JOU MA"

14. Ons het van geregtigheid geleer "EEN DAG GAAN JULLE KINDERS HÊ EN HULLE GAAN NES JULLE WEES".

15. Mediese wetenskap het hulle van geweet "AS JY AANHOU JOU OË SKEEF TREK GAAN HULLE VIR ALTYD SO BLY".

16. Ironie was vir pa eenvoudig "HOU AAN HUIL DAN GEE EK JOU IETS OM OOR TE HUIL".

17. En jaloesie het ma so verduidelik "DAARIS DUISENDE KINDERS WAT WAT SAL GEE OM GOEIE OUERS SOOS JULLE TE HÊ".





+ Juffrou vra die klas :
 "Waar kom elektrisiteit vandaan?"
 Jannie : "Dit kom van die dieretuin, juffrou"
 "Nou hoe kom jy daarby uit?" : vra die juffrou.
 Gisteraand het my pa gesê : "Daar sit die ape weer die krag af"

My baas kom gister by die werk aan met sy splinternuwe Lamborghini. "Sjoe!, dis darem spoggerig!" sê ek bewonderend.



Hy antwoord: "Al wat jy moet doen is om te sorg jy kom werk elke dag dan en uithaler werk verrig, dan kan ek volgende jaar weer een koop"



Ek my gedra? Rêrig? As kind het ek vir Tarzan amper kaalgat gesien. Aspoestertjie het eers na middernag huis toe gekom, Sneeuwitjie het saam met sewe mans gewoon. Pinocchio het gelieg soos 'n tandetrekker, Batman het oor die 300 kilometer per uur gejaag, en Popeye het gerook en tatoes gehad.

Dan het PACMAN nog ook rondgehardloop op digitale musiek en pille gevreet wat hom fisies versterk het.



DIE FOUT LÊ NIE BY MY NIE!



BRIEWE BUS



Ek skryf toe vir Chris terug en noem dat dit so geniet om lesers op hierdie manier te ontmoet en beter leer ken, en hy antwoord as volg:

Hallo Hennie,

Ek sien jy het vir my op 1 Maart 2018 gesê dat ek nou al twee jaar lank die Kammanuus ontvang, dus het ek in 2016 begin. Nou moet ek egter erken dat ek baie maal op "ons dorp" gaan kuier het en bykans almal daar deurgelees het. Ek kan ongelukkig nie onthou waar ek daarvan gehoor het nie, dankie tog ek het wel.

Ons bly deesdae in Port Alfred waar ons 'n Karavaanpark besit en bestuur as ons aftree werk op 75. Voor dit was ek vir 18 jaar die koster by NG Moederkerk in George waar ons elke Donderdag oggend as kantoor personeel 'n vergadering gehad het en ek het my spreekbeurt ingelei met Kammanuus se grappies. Dit was altyd 'n wenner, so baie dankie daarvoor.

Groete en sterkte verder met nog baie lekkerlees episodes.

Chris

Dankie Chris, so 'n bek moet jam kry!

Stilte het nie 'n prys nie

Kyk, iemand soos ek wat in die Karoo, Namakwaland, Oos-Kaapse platteland en Noord-Kaap grootgeword het, ken van stilte. Daardie stilte wat amper tasbaar is; daardie stilte waarin die luidste geluid die bons van jou hart is. 'n Stilte wat jou jou asem onwillekeurig laat ophou.

En daardie stilte het geen prys nie, dis 'n gratis genade van Bo.

As ek so terugdink, was die laaste wat ek in Suid-Afrika so 'n stilte ervaar het, die kere wat ek in my bootjie op Langebaan se strandmeer gesit het, 'n glas whisky in die hand en 'n pyp met Borkum Riff gestop tussen my kake.

Onvergeetlike oomblikke, dié.

En toe beland ek op die eiland São Miguel. Die oggend van 1 Januarie 2000 word ek wakker in die kothuisie wat Maria vir ons kuier gehuur het. So vyftig treë van waar die water van die Lagoa Azul begin. Ek gaan op die stoepie staan met 'n beker koffie en 'n sigaret. Voor my strek die meer vir 'n kilometer en 'n half na die oorkantste oewer, amper direk wes van my, waar die dorpie Sete Cidades lê en sluimer. Dis net na ses in die oggend en die stilte lê soos 'n karos oor die meer, die dorpie en die oewer aan my kant.

Skielik hoor ek musiek, orrelmusiek, en stemme. Vind later uit dit was die Nuwejaarsmis in die dorp se kerkie, die Igreja São Nicolau, goed twee kilometer weg. Daar staan ek, koffie in hand, en luister na die klokhelder sang.

En my hart smelt.

In daardie eerste negentien dae op die eiland het ek myself dikwels omring van die diepste stilte bevind. Klein soos die eiland is, is daar plekke om elke draai waar jy net die suis van die wind in die krismisroos heinings of die veraf dreuning van die see hoor.

Later, toe ek op die eiland gewoon het, het ek die voorreg gehad om 'n Britse toergroep na die rand van Lagoa do Fogo se kratermeer te lei. Dié plek is maklik die mees mistieke plek op die eiland. Omring van kranse wat 'n honderd meter en meer bó jou uittroon, lê die meer soos 'n spieël wat die groen kranse weerkaats.

Die toeriste wat so lekker op pad teen die helling af geklets het, het stil geraak, doodstil. Ek kon sien hoe die plek hulle aangryp. Toe ons ná 'n halfuur of so die klim terug na die bus aanpak, was hulle nog steeds stil. Uiteindelik fluister een van hulle: "My God, what a place! What silence and serenity!"

Ek kon net volmondig saamstem.

Twee jaar later stap ek een oggend van die woonstel in Okabe (Shizuoka-prefektuur in Japan) af met 'n smal sementpaadjie van die dorp af. Na 'n ruk se stap is ek by die laaste huise verby en staan die Japanese sederbome en bamboese ruig tot teen die pad. Dis windstil, en die kraaie wat elke oggend so lustig in die bamboese teen die hang bokant die woonstel swets, swyg. Ek gaan staan, en met die laaste voetval sak die stilte oor my neer. Voor my, verby 'n paar rysvelde, strek die pad die bos in. Ek stap aan, maar katvoet, want ek wil nie die stilte versteur nie. '

'n Paar minute later is alles om my groen, doodstil en soel in die oggend se warmte. Ek voel hoe my siel diep inasem en my pols klop stadiger...

Ek was nog nooit juis godsdienstig nie, maar in sulke oomblikke wat dit voel asof die hele skepping asem ophou, wéét ek hoe dit moet wees om jou Skepper se hand op jou hoof te voel.

Sulke oomblikke verander 'n mens.




KAMMAWÊRELD No 10

‘n Voortydige Gevolgtrekking:

Hokaai, nie so Haastig nie!

deur Maryna Blomerus



Indien ‘n mens sou aanneem dat ons werklikheid inderdaad rekenaar-gesimuleer is, sou die raaiselagtige eienskappe van ons heelal wat ons bespreek het, maklik wegverduidelik kan word.

- Dit sou aan Kant verduidelik dat iemand nie die programmering wat die beelde op ‘n rekenaarskerm onderlê, hoef te sien of te verstaan om die rekenaar te kan gebruik nie. Die koppelvlak is 'n gebruikersfunksie, nes die beelde van die werklike werklikheid in ons koppe.
- Dit sou aan Fermi verduidelik waar al die ‘aliens’ is en waarom aardbewoners so stoksielalleen is: hulle is nie gesimuleer nie!
- Dit sou verduidelik waarom materie nie uit materie bestaan nie, nes holografiese beelde/projeksies nie uit materie bestaan nie. Ons 3D-realiteit is ‘n gebruikersillusie.
- Dit sou verduidelik hoekom die natuur gekwantifiseer is: materie verander van een staat na ‘n volgende volgens ‘n rekenaarkode, die een oomblik dit en die volgende oomblik dat, sonder om van dit na dat te beweeg. Die berekeninge geskied teen die maksimum spoed van lig en niks in die wêreld kan daarom vinniger beweeg nie.
- Dit sou verduidelik hoekom fundamentele deeltjies soos elektrone almal dieselfde is, nes die letter r in verskillende woorde op jou rekenaarskerm almal presies eenders lyk: daar bestaan 'n meester algoritme vir beide “elektron” en vir "r".
- Dit sou die waarnemereffek in die tweegleuf-eksperiment verduidelik en waarom golwe materialiseer as en net as hulle waargeneem word. Dis soos wanneer slegs dit wat jy kies om op jou skerm op te roep, van rekenaargolwe in beelde verander. Die res is daar, gestoor op die rekenaar, maar nie in 'n vorm wat jy kan of hoef te sien nie.
- Dit sou nie-lokaliteit verduidelik en hoe voorheen-verstrengelde deeltjies aan verskillende kante van die heelal oombliklik kan kommunikeer asof ruimte en tyd nie ‘n faktor is nie. Tyd en ruimte tussen twee kolletjies ver uitmekaar op 'n rekenaarskerm is ewe irrelevant.
- Dit sou verduidelik waarom wiskunde in natuurwette koning kraai. Rekenaarbeelde gehoorsaam ook programkodes.
- Dit sou verduidelik waarom DNS se bouinstruksies soos ‘n sagtewareprogram lyk: omdat hulle dit is.
- Dit sou verduidelik waar die bloudruk van elke lewende ding bestaan: in morfiese velde. Sodra ‘n sel gekoppel is aan die bron van Lewe (soos wanneer jy ‘n rekenaar aanskakel en daar elektrisiteit is), laai die sel instruksies af.
- Dit sou dalk self swaartekrag kon verduidelik. As materie inligting verteenwoordig, vertraag baie inligting die verwerkingspoed van 'n rekenaar.
- En wat van relatiwiteit? Elke speler het sy/haar eie koördinate in die simulاسie. Daar is nie een objektiewe ervaring nie. Elke speler beleef die spel vanuit sy/haar eie perspektief.

Dit lyk dus of die saak vir ‘n gesimuleerde heelal uitgemaak is en dat ons werklikheid waarskynlik, soos Nic Bostrom en Elon Musk reken, gesimuleer is deur ‘n toekomstige, supertegnologiese beskawing.

Maar wag, daar is net een probleem met hierdie gevolgtrekking: dit is eenvoudig nie moontlik vir iemand binne hierdie heelal om ons werklikheid te simuleer nie. Nee, regtig nie.

In 'n artikel wat in *Science Advances* verskyn het (<https://www.science.org/doi/10.1126/sciadv.1701758>), toon Zohar Ringel en Dmitry Kovrizhi dat die konstruksie van 'n rekenaarsimulasie van 'n bepaalde kwantumverskynsel wat in metale voorkom, onmoontlik is - nie net prakties nie, maar in beginsel.

Hulle het ontdek dat die kompleksiteit van die simulasie eksponensieel toeneem met die aantal deeltjies wat gesimuleer word. As die kompleksiteit lineêr toeneem met die aantal deeltjies wat gesimuleer word, beteken die verdubbeling van die aantal deeltjies dat die benodigde rekenkrag verdubbel word. As die kompleksiteit egter op 'n eksponensiële skaal toeneem - waar die hoeveelheid rekenaarkrag moet verdubbel elke keer as 'n enkele deeltjie bygevoeg word - word die taak vinnig onmoontlik.

Die navorsers het bereken dat slegs die stoor van inligting omtrent 'n paar honderd elektrone 'n rekenaargeheue verg wat fisies meer atome benodig as wat in die heelal bestaan. En gegewe die fisies onmoontlike hoeveelheid rekenaargeheue wat nodig is om inligting vir slegs een lid van hierdie subset te stoor, kan die vrees dat ons onbewustelik in iets soos *The Matrix* leef, ter ruste gelê word.

Hierdie gevolgtrekking het egter 'n voorbehoud: as ons heelal 'n simulasie is, is daar geen rede waarom ons fisiese wette daarbuite hoef te geld nie. In die woorde van Zohar Ringel, die hoofskrywer van die artikel, "Wie weet wat die rekenaarvermoëns is van diegene wat ons simuleer?"

Het ons die haas nou al die pad deur Wonderland loop volg op 'n verkeerd spoor wat nou hier doodloop? Nee; dis net dat die haasgat dieper en verder gaan as wat ons dalk verwag het.

Volgende keer soek ons dieper!

Sterk Geloof



Drie nonne ry met hul volksie op 'n verlate pad en gaan staan sonder petrol. Hulle onthou toe dat hulle so pas by 'n naambordjie van 'n plaas verby gery het. Twee van hulle onderneem toe om te gaan hoor of die boer hulle kan help. Hulle wonder toe waarin hulle die petrol gaan gooi. Hulle het 'n Koos in die kar wat hulle altyd saamry vir ingeval die natuur roep. "Reg" sê die twee, hulle sal die petrol daarin gaan haal. So 'n uur later is hulle terug met die Koos wat driekwart vol petrol is.

Terwyl hulle besig is om die petrol uit die Koos in die kar te gooi, kom die predikant en die ouderling daar verby. "Kan ons help" vra die predikant

"Nee dankie ons sal regkom, die liewe Vader het voorsien en ons sal nou tot op die dorp kan ry" sê die nonne

Toe die predikant wegtrek sê hy "Broer, ons kan by hulle leer, hulle geloof is baie sterk"

Spreekkamer- Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe

KAT.COM



Toe die rokkies ál hoe korter begin raak, het matrone die volgende kennisgewing in die verpleegsterstehuis laat opplak:

Verpleegsters moet daarop let dat die some van hulle uniform hulle pasella moet bedek.



Die Ierse ortopeed prof. Paddy Bell het na sy aanstelling as professor by Tygerberg Hospitaal mooi leer Afrikaans praat. By geleentheid het hy glo die volgende advies aan 'n dame met 'n klage van rugpyn gegee: "Mevrou, u moet veral snags slaap op 'n stywe matroos."

AGTEROS:

NET VOOR UITSPANTYD

KLUIE TOE



So loop staan en ry ek mos op 'n slag saam met oorle oompie Doors Calvinia toe. Begrafnis toe. Hettie eers die oorle oom geken wat ingespit word nie. Net saam ter wille van geselskap.

So in die ry vertel oompie Doors vir my van díe slag toe hulle vir oorle oom Kareltye Nel, Kareltye Katknypp het hulle hom gestaan en bynaam, onner 'n sandkaros loop staan en toemaak het.

Was die ou nooit getroud. Oom Kareltye. "Maar", vertel oompie Doors, "so is die ou darem nie sonder die vreugdes van die vlees weggeraap nie. Kon g'n ding wat hurk en piepie met rus laat nie. En wýn gevat, ou Swaer, die ou het gesmaak oor 'n bottel harrehout soos hanslam oor 'n vals tiet."

So boer oorle oom Kareltye Katknypp tussen Brandvlei en Kenhardt. Alleen soos 'n weesdas in 'n voerkuil. Droë wêreld. Dáái kontrei. Weet Oompie te vertel lat die ou mense wat kon onthou, sê dat met die Sondvloed het daar nie 'n enkele druppel reën geval nie. So droog dat Noag die ark tussen Brandvlei en Carnarvon met donkies moes loop staan en sleep het.

So loop staan en sak daar mos op 'n dag 'n weer uit wat g'n mense-oog vir jarre aanskou het nie. Lyk dit vir die ou lat dit wyd reën. So loop staan en bel die ou sy buurman midde in die gedonder en gebliksemry om te verneem of daar darem ook 'n watertjie val.

Ruik jy net hare en skroeivleis...

"Is dit mos net daai tyd lat die Man met die Sens loop staan en boeke opmaak en oom Kareltye se nommer raakblaai. Raak die Sensman halfpad oorhaastig en loop maak hy sommer vir oorle Kareltye met 'n bliksemstraal bymekaar. Slaat weerlig oppie telefoonpaal by die hoek vannie huis en hol sulke blou vlamme al met die drade langs, deur daai outydse houtbokstelefoon. Ruik jy net hare en skroeivleis. Kom kry Buurman hom stokstyf langs die telefoon lê. Gehoorbuis swart gesmelt in die ou se hand. Kos vir ons die koort knip en die ou so met gehoorbuis en al kis." Vertel Oompie.

Bel die prokureur vir oompie Doors. Is een van oorle Kareltye se laaste wil en wense dat oompie Doors sy begrafnis moet reël Geheel en al vyfhonderd pond bewillig en loop staan en beskryf Oompie moet oppie soller loop kyk. Virrie kis. Klaar betaal. Spiknuwe pyjampak innie kis. Virrie reis Oorkant toe.

"Haai en reken, het die ou mos g'n kind of kraai nie. Sal hy so wragtig die plaas en alles wat daarop is vendusiewaardig beskrywe. Pla die ou se gewete geheel en al die opbrengs Pretoria toe. Tehuis vir ongehude moeders toe", borduur Oompie voort.

Wil g'n predikant vir ou Kareltye help bêre nie. Reken Oudoom dat nie eens die Voorsitter van die Ring sy weg oopsien om vir die ou 'n boodskap vir die pad te kom gee nie. Kwansuis oorlat hy met sy doop laas die binnekant van 'n kerk gesien het. En natuurlik die annerlike stories. Soos die katknypery in die donker. Stories wat nie kans had om by die Eerwaarde Kerkraad verby te sluip nie.

So vat oompie Doors voor. Sal sommer self die teraardebestelling doen. Saam met 'n horde drinkebroers en ander welmenende belangstellendes.

“Nou moet jy weet ou Swaer, daai dae was ‘n man se gerekentheid gemeet aan die val van die trane en die hoorbaarheid van die geweën. So loop staan en en kry ek pryse by die begrafnisonnerner. Het hy mos ‘n spulletjie opgeleides bymekaar gemaak wat jy kan huur. Vir een pond loop en snik hulle saggies agterrie kis aan. Teen een pond en tien sjelings loop en tjank hulle hoorbaar. Vir vyf pond ween hulle oordadig en werp twee van hulle hulle sommer oppie kis neer wyl dit gat af sak. So besluit ek en my feeskomitee ons gaan vir die laaste opsie.”

Dag van begrafnis staan werf vol rygoed. En mèn. Meesal mansmense. Net handjievul vroumense te sien. Reken oompie Doors dit was seker net die paar onvergenoegdes wat oorle Kareltye in lewe oorgeslaan het. Seker kom oortuiging seek dat hulle laaste kans werklik toegegooi word.

Plaasvolkies begin grou in daai harde grond. Ses by drie by ses het oompie Doors self die bouplan loop staan en teken.

Begin die manne al vroeg afskeid neem. Wit bolle skuim op die mout. Bottel vir bottel hardehout groet hulle. Teen dienstyd is meeste begrafnisingangers al duidelik getreur. Loop sommige van hulle sommer so langs hulle eie spore. Val agter die kis met gehuurde weners in.

Kom kring die ou spulletjie in verskillende staat van droefenis rondom die gat. Bid oompie Doors. Sê dankie vir die voorreg om rondom ‘n ge-opende graf te kan kom staan. Sê dankie dat oorle Kareltye se lewe so vol avontuur kon gewees het. Pleit dat die Liewen Heer hom toggie te hard sal oordeel oorlat hy meer kwaad as goed loop en doen het nie. Soebat dat Hy tog kennis sal neem van daai bemaking aan die ongehude moeders. “Ter versagting in U naamswil” is sy laaste versugting voorlat hy daai gebed plegtig met amen tot halt loop staan en roep.

..en sit in met “O brannewyn laat my staan”..

Sing die spannetjie droefgeestig “Rust mijn siel....” Ook maar ylerig, want g’n mens het gesangboeke saamgebring nie. Loop raak een van die erg bewoë vrinne by die tweede versie deurmekaar en sit in met “O brannewyn laat my staan” Uit volle bors beaam en ondersteun die res van die agtergeblewenes.

Vertel Oompie lat toe die manne daai kis met baaltou stemmig laat sak, issit mooi die tyd lat een van Satan se duiweltjie-telge ongenooi daar loop staan en aankom. Beset hy oom Gert Abjaterskop se liggaam opslag. Soos daai swyne innie Bybel. Trap die ou die gat se rant mis. Gly die graf in. Amper soos ‘n otter teen ‘n nat rivierwal af. Loop staan en val hy ekstra gewig bo-oppie kis.

Gly daai baaltou in slote deur daai klompie kis-sakkers se hanne lat daar eintlik ‘n wolk rook bokant daai graf loop staan en hang. Stink daai hele vlakte na geskroei mensvleis.

Ween daai spul kis-sakkers ag keer harder as die spannetjie gehuurdes. Het hulle gewenery g’n stuk niks met hartseer te make nie.

Loop staan en slinger nog vier droefsuipiges al singende die gat in.

Toe’s daai oorblywende manne éers vrolik bedroef. Gryp een sommer ‘n graaf en beginne opslag toegooi. Beginne help die anner spul ook. Toe’t die grawe loop staan en opraak, loop staan hulle sommer so kaalhanne en grond bymekaarmaak. Maar toegooi, die góoi hulle!

So met die klap van kluite issit mos net mooi die tyd wat ons Calvinia loop in ry.

Sê oompie Doors, “Ou swaer, dis net deurie liewe jirretjie se genade lat die grond daai slag loop staan en min raak het, anners het dit vir ons gekos marmer van Italië af gelat kom het om vir daai massagraf ‘n deksel op te sit”

Loop ruk ons bedees tot stilstand vlakvoor Calvinia se kerk.

KAMMANUUS KOM DALK WEER VOLGENDE MAAND UIT...